

## CV Bate, grondlegger van die *Potchefstroom Herald*

HS (Lennie) Gouws\*

Johannes D Froneman

*Potchefstroomkampus*

*Noordwes-Universiteit*

jd.froneman@nwu.ac.za

### **Abstract**

The British-born newspaperman CV Bate founded the *Potchefstroom Herald* in 1908. He remained owner for 49 years during which time he established not only the paper but himself as a journalist of some repute. As a news medium Bate's *Potchefstroom Herald* covered all the major international and national events, without neglecting the community news of an ever-changing Potchefstroom.

He was also a crafty businessman and compassionate member of a community that did not always share his pro-British political views. More important was his strong support for reconciliation between the Afrikaans- and English-speaking South Africans. In support of this ideal, he established an Afrikaans paper, the *Westelike Stem*. While Bate's sentiments left its marks on his reporting, his integrity was above reproach and he notably gave due prominence to the victory of the National Party in 1948 and the new prime minister's visit to Potchefstroom.

Subsequent to Bate's retirement, his papers fell into the hands of Afrikaners who eventually transformed the *Potchefstroom Herald* into a predominantly Afrikaans publication. But when the *Potchefstroom Herald* celebrated its centenary, the paper had perhaps become what Bate always intended: a non-ideological paper that tried to serve the whole community of Potchefstroom. The *Potchefstroom Herald* thus remains a monument to one man's tenacity and spirit.

**Keywords:** *Potchefstroom Herald*; CV Bate; Redakteur; Joernalis; Eienaar; Koerant; Nuusagenda; Britse ryk; Sakeman; Stadsraadslid; Gemeenskapsmens; Versoening tussen Afrikaans- en Engelssprekendes.

---

\* Hierdie artikel is gegrond op Lennie Gouws se MA-verhandeling, *Die Potchefstroom Herald: 1908-2008 – 'n mediahistoriese studie*.

## Inleiding

In die vroeë koerantgeskiedenis van Suid-Afrika was daar talle pioniers wat wesenlik tot die groei van hierdie bedryf bygedra het.<sup>1</sup> CV Bate, soos hy dwarsdeur sy loopbaan bekend was, kan as een hiervan beskou word. Hy het die *Potchefstroom Herald* (voortaan net *Herald*) in 1908 gestig<sup>2</sup> en die koerant tot 1957 besit. Bate het ook binne persgeledere aansien geniet. Hy was 'n stigerslid van die Persunie en was 'n lewenslange ere-visepresident van die Persunie.<sup>3</sup> Met die viering van die *Herald* se eeufees in 2008, is hy nogmaals geëer as 'n baanbreker wat 'n besondere bydrae tot die gemeenskapspers van Suid-Afrika gemaak het. Nie alleen was Bate 'n deeglike joernalis nie, maar hy het hom ook as sakeman onderskei.

Benewens die *Herald* het hy in 1915 *De Westelike Stem* gestig, 'n feit waarop hy dikwels geroem het.<sup>4</sup> Dit is aanvanklik in Nederlands uitgegee, maar later is Afrikaans gebruik. Van Desember 1936 het hy ook die *New Klerksdorp Record* uitgegee en dié koerant, saam met *De Westelike Stem*, tot in 1955 besit.<sup>5</sup>

Sy naam is dus nie net aan die *Herald* verbind nie, hoewel dit sy groot monument is. Die blad is vandag een van Media24 se sterkste gemeenskapskoerante en het oor die meer as 'n eeu van sy bestaan 'n besondere plek in Potchefstroom verwerf en is die blad verskeie kere bekroon.<sup>6</sup>

In hierdie artikel word die lewe en werk van Charles Veale Bate in oënskou geneem deur eerstens te let op sy vroeë lewensloop, sy huwelik en gesin, daarna sy werk as joernalis en laastens sy bydrae tot die Potchefstroomse gemeenskap as sakeman en gemeenskapsmens.

Die historiese navorsingsmetodologie is gevolg, maar spesifiek is ook gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van Bate se werk as joernalis.

1 Vergelyk W de Kock, 'n *Wyse van spreke* (Saayman & Weber, Kaapstad, 1983); D Richard, *Moedwillig die uwe* (Perskor, Johannesburg, 1985); TEG Cutten, *A history of the press in South Africa: Being an abridged version of a thesis accepted for the M.A. Degree* (Cape Town, National Union of South African Students, 1935).

2 Volgens EL Buys, "Die kommersiële drukkers- en uitgewersbedryf in Potchefstroom (1857-1902)", *South African Journal of Cultural History*, 4(2), April 1990, pp. 88-95, het daar reeds 'n *Potchefstroom Herald* in die negentiende eeu bestaan. Die blad is egter in 1899 in die *Potchefstroom Budget* opgeneem en het geen verbintenis met CV Bate se *Potchefstroom Herald* gehad nie.

3 *Potchefstroom News*, 14 July 1961; E Jenkins, "CeeVee Bee' – Appreciation", *Potchefstroom Herald*, 5 July 1957.

4 CV Bate, *An editor's reminiscences: Thirty-six years of newspaper work in the Transvaal 1902-38* (Potchefstroom Herald, Potchefstroom, 1938), p. 28.

5 *De Westelike Stem*, 12 Augustus 1915; CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 38.

6 *Potchefstroom Herald*, 21 September 2001, 27 September 2002, 6 Oktober 2006.

Foto 1: CV (Charles Veale) Bate het in sy professionele hoedanigheid as koerantman verkies om net sy voorletters te gebruik.



Bron: *Potchefstroom Herald*

## Agtergrond en lewensloop van CV Bate

Bate het min oor sy private lewe geskryf en inligting oor sy lewe vóór Potchefstroom is karig. Ons weet wel dat hy op 1 Augustus 1877 in die dorpie Bodmin in Cornwall, Engeland, gebore is.<sup>7</sup> Bate het sy joernalistieke opleiding in die weste van Engeland (West Country) gehad, die enigste aanduiding wat hy self gee oor waar hy vandaan gekom het.<sup>8</sup> Tydens die Anglo-Boereoorlog was hy 'n lid van die Rand Rifles<sup>9</sup>, 'n eenheid wat op 18 Desember 1900 gestig is en bestaan het uit drie afdelings: 'n berede groep, fietsryers en infanterie. Alle Britse onderdane, sogenaamde "uitlanders",<sup>10</sup> wat toe in die Witwatersrand en omgewing was, is verplig om by die eenheid aan te sluit. Dié verpligte lidmaatskap is in Junie 1902 afgeskaf.<sup>11</sup> Die eenheid is aangewend om die industriële infrastruktuur van die Witwatersrand te verdedig, maar "the Rand Rifles did not have the opportunity to excel as a fighting force".<sup>12</sup>

7 Potchefstroom Municipal Archive, Potchefstroom Museum, Potchefstroom. *Burial register 1903 -1956*, p. 41 (available at: <http://www.freebmd.org.uk/cgi/information.pl?cite=tmTCWPSJeCipEWkTTT6jWA&scan=1>, as accessed on 18 Mei 2011).

8 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 5.

9 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 3.

10 Vergelyk H Giliomee, "n Nuwe Britse Stuwing", H Giliomee & B Mbenga, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), p. 196.

11 S Monick, *A bugle calls: The story of the Witwatersrand Rifles and its predecessors* (Witwatersrand Rifles Regimental Council, Germiston, 1989), p. 30.

12 S Monick, *A bugle calls*, p. 32; J Stirling, *The colonials in South Africa: 1899-1902* (Polstead, Suffolk, 1990), p. 270.

Dit is nie bekend by watter van die drie afdelings Bate betrokke was nie, maar uit bogaande, asook die gebrek aan enige verwysing deur hom na enige betrokkenheid by gevegte, kan afgelei word dat hy waarskynlik nie sy lesers van later oor die geweerloop ontmoet het nie.

Wanneer en waarom Bate na Suid-Afrika gekom het, is onbekend, want die Rand Rifles het bestaan uit “uitlanders” wat in elk geval in Suid-Afrika was en nie noodwendig as soldate hierheen gekom het nie. Bate skryf self oor die tyd wat hy in Johannesburg was:<sup>13</sup>

Before the Boer War closed I was given an appointment in Johannesburg by Major O’Meara, then Military Commissioner; but after an association with the Milner “Kindergarten” and the famous nominated Town Council of Johannesburg... I was instinctively impelled to get back to my own profession of journalism and newspaper work generally.

Hoewel hy geen soldaat van formaat was nie, was Bate ingebed in die Britse imperiale kultuur van sy tyd. Sy Britsheid sou metterwyl neerslag vind in sy joernalistiek.

Bate en sy eerste vrou vrou, Elizabeth Jane,<sup>14</sup> het ‘n veertienmaande oue baba, Charles Frank Bate, in Julie 1906 aan die dood afgestaan.<sup>15</sup> ‘n Tweede seun, William Kendall (Ken), is in 1908 gebore en was van 1932 tot 1955 ’n direkteur van die maatskappy wat die *Herald* besit het.<sup>16</sup>

Bate se enigste dogter was Lorna Munro.<sup>17</sup> In 1990 haal Bate se familie vir laas die *Herald* se nuuskolomme toe ’n klein beriggie aankondig dat Lorna Munro op 77-jarige ouderdom in Pretoria oorlede is.<sup>18</sup> Volgens die berig het sy ook by die *Herald* gewerk en “vir haar ’n naam gemaak in die koerantwese”.

Vier jaar ná Bate finaal afgetree het en ’n maand voor sy 84ste verjaardag, is hy op 11 Julie 1961 in sy huis in Lombardstraat, Potchefstroom, oorlede. Hy is uit die Metodistekerk deur eerwaarde Daniel Jones begrawe, wat sy vakansie in Natal onderbreek het om die roudiens te kom lei.<sup>19</sup> Dit kan geïnterpreteer word as ’n aanduiding van die hoe agting wat Bate in sy gemeenskap geniet het.

13 CV Bate, *An editor’s reminiscences*, p. 3.

14 Potchefstroom Municipality, *Burial register 1903 -1956*, p. 34.

15 Potchefstroom Municipality, *Burial register 1903 -1956*, p. 27.

16 *Potchefstroom Herald*, 9 September 1957.

17 *Potchefstroom Herald*, 14 Julie 1961.

18 *Potchefstroom Herald*, 28 September 1990.

19 *Potchefstroom Herald*, 14 Julie 1961.

Foto 2 (Koerantkantoor): Die eerste kantoor van die Potchefstroom Herald het gestaan waar die Calderbank-gebou tans in Walter Sisulu-rylaan staan



Bron: *Potchefstroom Herald*

### **CV Bate as joernalis en stigter van die *Potchefstroom Herald***

Voor Bate in 1902 na Potchefstroom gekom het, het talle koerante op die dorp verskyn. Die eerste was *De Staats Courant*, wat op 25 September 1857 deur Cornelius M Moll en sy seun Cornelius Petrus Moll uitgegee is. Twee jaar later word die drukpers in 1859 deur die regering gekoop nadat die koerant se “benadering nie in die Regering se smaak geval het nie”.<sup>20</sup> In 1861 kom JP Borrius, ’n gebore Amsterdammer, na Potchefstroom en tree in diens by ene Jeppe en Moll. Die volgende jaar word hy as staatsdrukker aangestel. Een van sy take was om ’n koerant uit te gee, wat in Junie 1862 as *De Emigrant* verskyn. Dié koerant is in 1863 gestaak. Na ander pogings om ’n koerant uit te gee, verskyn Borrius se nuwe koerant, die *Transvaal Argus*, die eerste keer op 8 Mei 1866. Die oudste voorbeeld van geskrewre Afrikaans in Transvaal het hierin verskyn.<sup>21</sup>

<sup>20</sup> WJ de V Prinsloo, *Potchefstroom 150: Grepe uit die geskiedenis van Potchefstroom by geleentheid van die viering van die 150e bestaansjaar van die dorp in 1988* (Feeskomitee, Potchefstroom, 1988), p. 73.

<sup>21</sup> G Jenkins, *A century of history: The story of Potchefstroom* (AA Balkema, Cape Town, 1971[1939]), p. 46.

Die *Potchefstroom Budget* word in 1880 gestig deur die firma Guest and Rose. Die koerant is nie tydens die Anglo-Boereoorlog uitgegee nie en ná die oorlog het die toenmalige eienaar, HM Slade, vir Bate aangestel om publikasie te hervat.<sup>22</sup> Ook ander koerante het voor en na die stigting van die *Herald* op Potchefstroom gekom en gegaan.<sup>23</sup> In hierdie milieu het Bate hom in Oktober 1902 in Potchefstroom kom vestig.<sup>24</sup>

Enkele maande ná sy verpligte lidmaatskap van die Rand Rifles, het Bate op Potchefstroom aangekom "... looking for a newspaper world to conquer".<sup>25</sup> Hierdie pioniersgees het Bate nooit regtig verloor nie. Nadat die ervare joernalis Ernest Jenkins hom in 1925 by die *Herald* aangesluit het en dit nie vir Bate meer noodsaklik was om na die daagliks bestuur van die koerant om te sien nie, besoek hy in 1926 vir 'n paar maande die pas ontdekte diamantvelde in en om Lichtenburg. Daaroor berig hy breedvoerig in die *Herald* en doen ook aan genl. Jan Smuts – toe in opposisie – verslag oor die haglike omstandighede daar.<sup>26</sup>

Die 35-jarige Bate is deur GM Slade teen £25 per maand aangestel om die *Potchefstroom Budget* uit te gee.<sup>27</sup> Omstandighede was primitief. Die koerantkantoor was geleë in 'n swak beligte, swak geventileerde sink- en houtgebou. Bate beskryf homself as 'n "jack of all work... editor, reporter, advertisement canvasser, printing orderman, and in charge of the office". Hy is bygestaan deur 'n "journeyman of the ancient school" (vakman) en 'n paar swakgeskoolde setters wat plaaslik gewerf is.<sup>28</sup>

Ná 'n paar maande by die *Potchefstroom Budget* en verskeie terugslae, het Bate die aanbod van Woolf Carlis aanvaar om die besturende direkteur van 'n nuwe koerant, *The Western Transvaal Times*, te word. Hoewel die koerant met groot *fanfare* bekendgestel is, was dit nie suksesvol nie en het dit daartoe gelei dat Bate die mede-verweerde in 'n hooggeregshofsaak geword het en £3000 aan Carlis moes terugbetaal. "I did not even posses 3000 shillings!" skryf hy later.<sup>29</sup> Hy het hierna teruggekeer na die *Potchefstroom Budget* en het kort

22 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 5.

23 *Potchefstroom Herald*, "Spesiale Feesuitgawe, Potchefstroom 1938 -1963", 8 November 1963, p. 55.

24 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 4.

25 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 5.

26 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 27; T Macdonald, *Transvaal Story* (Cape Town, Howard Timmins, 1961), p. 183; *Potchefstroom Herald*, 11 Junie 1926.

27 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 4; WJ de V Prinsloo, p. 75; *Potchefstroom Herald*, 6 Mei 1955.

28 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 5.

29 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 8.

daarna die naam na die *Western Chronicle* verander.<sup>30</sup>

Nadat *The Potchefstroom News*, “one of numerous opposing journalistic ventures which failed over a period of years”,<sup>31</sup> sluit, het Bate die drukpers “half cash down” gekoop en onderneem om die res af te betaal.<sup>32</sup> Daardeur het Bate ’n belangrike mylpaal bereik in sy strewe om ’n staanplek in die koerantwêreld te kry.<sup>33</sup> Die besluit om die drukpers te koop, neem Bate ten spye van sy eie mislukkings en teen die agtergrond van die talle koerante wat nie op Potchefstroom ’n bestaan kon maak nie. Dit was, soos hy dit later beskryf, “a grim business starting a newspaper... and many were the predictions of failure ahead”.<sup>34</sup>

Foto 3 (Voorblad van eerste *Potchefstroom Herald*): CV Bate se *Potchefstroom Herald* het op 1 Mei 1908 die eerste keer verskyn



Bron: Lennie Gouws

30 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 10.

31 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 9.

32 *Potchefstroom Herald*, 28 Junie 1957.

33 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p 5. “I was full of youthful enthusiasm, and came to Potchefstroom looking for a newspaper world to conquer.”

34 *Potchefstroom Herald*, 6 Mei 1955.

Die eerste uitgawe van die *Herald* het op 1 Mei 1908 verskyn. Dit het aanvanklik weekliks verskyn, het 3 pennies per eksemplaar gekos en was gerig op die blanke Engelssprekende publiek van Potchefstroom, insluitende die groot Britse garnisoen op die dorp. Dit is daarom slegs in Engels uitgegee.<sup>35</sup> Bate het sy beleid in die eerste *Herald* só geformuleer:<sup>36</sup>

*The Herald* will be primarily a Potchefstroom newspaper, aiming at giving a reliable and impartial service of local news and offering such comment as it may humbly deem to be for the common weal. While reserving the right to criticise as freely as occasion may demand, we hope to maintain a strictly independent attitude, and to treat public affairs, whether parochial or colonial, without undue bias and from a non-party point of view.

Hy het pertinent in sy eerste beleidsverklaring gesê dat die *Herald* nie 'n party-orgaan gaan wees nie en dat hy nuus nie buitensporig partydig ("without undue bias") sal aanbied nie, 'n stelling wat ruimte laat vir 'n subjektiewe interpretasie van wat "buitensporig partydig" is. Veel later erken hy dat hy inderdaad as "uitgesproke" beskou is:<sup>37</sup>

*The Herald's* advocacy and outspokenness were not always appreciated. I was looked upon in certain quarters as something of a firebrand, and was freely dubbed a "jingo" in politics. I was, I suppose, in the somewhat militant stage as a journalist, dreaming of reforms and believing that agitation and publicity could effect much.

Hierdie selferkende uitgesprokenheid kom in allerlei berigte na vore, soos in die bespreking van die *Herald* se nuusagenda hieronder sal blyk. Maar hy is allereers met heel praktiese sake gekonfronteer. Om bloot die koerant op straat te kry, het groot inspanning gev verg. In dié oopsig was die gebrek aan elektriese krag Bate se belangrikste probleem. Gevolglik moes twee arbeiders ("struggling and perspiring over the wheel that turned the heavy machine") die drukpers bedien.<sup>38</sup> Bate het reeds toe hy nog die *Potchefstroom Budget* uitgegee het, 'n gemis aan die beskikbaarheid van elektrisiteit ervaar. Dit was die voorwaarde vir 'n groeiende pers.<sup>39</sup>

Hoewel daar reeds in 1903 'n elektriese "installasie" op Potchefstroom was, het dit met heelwat kragonderbrekings gepaard gegaan. In 1906 het die

35 WJ de V Prinsloo, *Potchefstroom 150*, 1988, p. 93.

36 *Potchefstroom Herald*, 1 Mei 1908.

37 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 13.

38 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 9.

39 Vergelyk D Crowley & P Heyer, 1991, *Communication in history – technology, culture, society* (New York, Longman, 1991), p. 161.

stadsraad die voorsiening van elektriesiteit oorgeneem, maar daar is eers in 1912 'n meer betroubare kragopwekker in gebruik geneem.<sup>40</sup> Dit het Bate waarskynlik net so geboei as "die elektronika in die twintigste eeu van die koerantbedryf besit sou neem".<sup>41</sup>

Bate het ook gesukkel om die blad te vestig. Die vyf uitgawes wat in die eerste maand van die *Herald* se bestaan verskyn het, het 'n totale inkomste van net £47 ingebring, wat Bate laat opmerk het: "It was many months of struggling before revenue reached respectable proportions."<sup>42</sup> Op 12 Maart 1909, toe die nuutgeboude stadsaal van Potchefstroom amptelik geopen is, verskyn 'n suksesvolle spesiale uitgawe waarin Bate se deeglikheid as joernalis ten toon gestel is.<sup>43</sup> Foto's van burgemeester Goetz en sy vrou, genl. Jan Smuts, die bouaannemer, die nuwe stadsaal en die raad in sitting in die raadsaal vergesel die artikel. Al was daar nie eens vir die pers 'n tafel om op te skryf nie, berig Bate in die daaropvolgende *Herald* van 19 Maart 1909 breedvoerig oor die inwyding van die gebou. Dit sluit lang aanhalings uit die openingstoespraak van Smuts in.

Dié meer formalistiese joernalistiek is metterwyl aangevul deur misdaaden hofverslaggewing wat nie uit plek sou wees in vandag se *Herald* nie. 'n Grusame moord op Oujaarsnag 1912 noop Bate om op 3 Januarie 1913 'n spesiale uitgawe hieroor die lig te laat sien. Die uitgawe demonstreer Bate se deeglikheid as joernalis en sy bemeestering van Engels:<sup>44</sup>

There have been many tragedies on South African farms, but none more ghastly than this one, in which a woman, in cold-blooded and evidently premeditated fashion butchered her sleeping husband. The head was, it is said, almost severed from the trunk by means of a hatchet – a heavy instrument with an iron handle – and then perforated the body with the sharp end of an iron crow-bar.

Benewens 'n feitlik woordelikse verslag van die hofverrigtinge is daar ook berigte oor onderhoude wat die *Herald* gevoer het; een met 'n oom van die oorledene en een met 'n vriend van die gesin. By gebrek aan foto's is die berigte deurspek met beskrywings van die haglike voorkoms van die beskuldigde en omstandighede tydens die hofverrigtinge.

40 WJ de V Prinsloo, *Potchefstroom 150*, p. 53.

41 W de Kock, 'n Wyse van spreke, p. 117.

42 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 10.

43 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 14.

44 *Potchefstroom Herald*, 13 Januarie 1919.

## CV Bate as nuushekwagter

Die nuusagenda van Bate se *Herald* is die beste aanduiding van Bate se eie denke en hoe hy sy rol as hekwegter en meningsvormer vervul het. Die temas wat sy koerant se voorblaie oorheers het, word hier uitgelig aan die hand van Gouws se ontleding van die hoofberigte van ‘n jaar uit elke dekade van 1908 tot 1998, asook ander groot nuusgebeure.<sup>45</sup>

### Dood van CF Beyers

Nadat die koerant homself gevestig het en begin groei het, het Bate dit gewaag om sy verklaarde onpartydigheid tersyde te stel en openlik die Unieregering te ondersteun. Dit het veral met die aanloop tot en die verloop van die Eerste Wêreldoorlog duidelik na vore gekom – in die besonder met sy beriggewing oor die dood van die toenmalige aanvoerder van die Uniemagte, kmdt.-genl. CF Beyers. In die aanloop tot Beyers se dood, het die *Herald* sy lesers goed op hoogte gehou van die verloop van die Rebellie.

Terwyl Beyers en ’n groep rebelle deur regeringsmagte agtervolg is, het hy op 8 Desember 1914 in die Vaalrivier verdrink. Hy wou van die Vrystaatkant, waar die Makwassiespruit in die Vaalrivier vloeи, die rivier kruis. In die *Herald* se berigte oor Beyers, is daar telkemale bloot na hom verwys as “Beyers”, terwyl hy in die spesifieke berig oor sy dood in die *Herald* van 8 Desember 1914 beskryf is as “the rebel leader Beyers”. Sy rang, of die hoflike aanspreekvorm “Mr.” is opvallend uitgelaat, hoewel dit in daardie tyd gewoonlik gebruik is. Dit, terwyl hy elders beskryf is as “een van die mees uitmuntende leiers van die Boeremagte in die Suid-Afrikaanse Oorlog”<sup>46</sup> en kort tevore nog kommandant-generaal van die Uniemagte was.

Sou die *Herald* Beyers se saak simpatiek gesind gewees het (of bloot neutraal daarteenoor gestaan het), het hulle waarskynlik sy hoogste titel gebruik. Die beriggewing oor Beyers se dood in die *Herald* was dus, in die hitte van die oomblik, nie so onpartydig as wat Bate hom in die blad se eerste uitgawe ten doel gestel het om te doen nie.

<sup>45</sup> HS Gouws, “Die Potchefstroom Herald: 1908-2008 – ‘n mediahistoriese studie”, pp. 31, 67-87. Die studie gee dus insig in die nuus waaraan Bate prominensie gegee het en hoe hy dit gehanteer het. Daardeur is ‘n beeld gevorm van Bate die joernalis.

<sup>46</sup> JP Brits, SB Spies & A Grundlingh, “n Nuwe Suid-Afrika in wording”, H Giliomee & B Mbenga, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), p. 238.

Bate het per geluk van Beyers se verdrinking gehoor, en benewens die beriggewing in die *Herald*, het hy die nuus per telefoon aan *The Star* in Johannesburg oorgedra.<sup>47</sup> Jenkins noem hierdie berig een van die groot prestasies van Bate se lewe en bestempel dit as 'n "world scoop".<sup>48</sup>

In 1915 het Bate *De Westelike Stem* gestig wat aanvanklik in Nederlands en later in Afrikaans die res van die blanke bevolking van die dorp en distrik sou bedien. Die blad was bedoel om 'n Afrikaanse mondstuk vir die regering op Potchefstroom te wees.<sup>49</sup> Bate het die doel van die blad so verwoord: "To its credit *Die Westelike Stem* was, I believe, the first Afrikaans newspaper to advocate the policy of party fusion and consequent lessening of political extremism and bitterness".<sup>50</sup> In die praktyk het die blad dus die Suid-Afrikaanse Party van generaals Louis Botha en Jan Smuts ondersteun.<sup>51</sup>

### ***Politieke sentimente lok teenstand uit***

Uit die *Herald* se dekking van groot nuusgebeure soos die dood in Augustus 1919 van die eerste minister, Louis Botha, is dit nogmaals duidelik dat Bate nie heeltemal so onpartydig was as wat hy gesê het hy gaan wees nie. Sy beriggewing hieroor weerspieël by uitstek sy toegeneenthed jeens dié premier van Suid-Afrika. Só het die doodsberig begin: "Potchefstroom reeled under a great shock on Thursday morning when it became known that General Botha had passed away".<sup>52</sup>

Die tipiese gebruik van die era om multidekopskrifte te gebruik om die belangrikheid van 'n berig te beklemtoon, is hier deur die *Herald* nagevolg.<sup>53</sup> Berigte oor Botha se dood is oor vier kolomme versprei met multidekopskrifte bo twee van hulle. Aan die bokant van elkeen van hierdie kolomme verskyn die woorde "Death of Genl. Botha" in opvallende dik, swart letters. Die multidekopskrifte lui: "Nation's Great Loss", "News at P'stroom"<sup>54</sup>, "South

47 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 24.

48 *Potchefstroom News*, 21 Julie 1961.

49 FSJ Ackerman, "Potchefstroom: Bakermat van die pers in die noorde 1838-1973", BA-skripsie, (PU vir CHO, 1973), p. 43.

50 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 29.

51 SP van der Walt, "Drukkery" (*Potchefstroom Herald, 80 Jubileumuitgawe*, 3 Mei 1988), p. 60.

52 *Potchefstroom Herald*, 29 Augustus 1919.

53 A Smith, *The newspaper: An international history* (Thames & Hudson, Londen, 1979), p. 154. Die belangrikste rede waarom hierdie multidekopskrifte gebruik is, is omdat daar toe nie groter letters beskikbaar was nie en hierdie opskrifte dus 'n manier was om aandag te trek.

54 Die afkorting P'stroom is dikwels gebruik wanneer daar nie plek in 'n enkelkolom vir die woord "Potchefstroom" was nie.

Africa's great loss", "A notable career" en "Special memoir".

Jare later sou Bate as volg oor Botha skryf: "General Louis Botha, nature's gentleman that he was, was graciousness itself even in the midst of harassing discussions. Conversation with him is still a happy memory".<sup>55</sup>

Die Nasionalgesinde studente van die Literariese Departement en Teologiese Skool (wat later die Potchefstroomse Universiteitskollege geword het), se politieke sentimente het reëlreg van dié van Bate verskil. Die *Herald* het die dosente en studente van die Teologiese Skool se doen en late dan ook "met groot venyn gekritiseer".<sup>56</sup> Vandaar 'n studenteraadsbesluit waarin die Senaat in 1915 "beleefd maar dringend" versoek is om intekening op die *Herald* te staak "als zynde benede de waardigheid van die leeskamer".<sup>57</sup>

### **Eerste Wêreldoorlog en Groot Griep**

Twee temas geniet hoofsaaklik aandag in 1918: die Eerste Wêreldoorlog<sup>58</sup> en die Groot Griepepidemie.<sup>59</sup> Agt *Herald*-hoofberigte dié jaar is aan sake rakende die oorlog afgestaan. Die laaste hoofberig oor die oorlog het op 12 Julie 1918 verskyn en handel oor werkverskaffing aan terugkerende soldate. Oor die griepepidemie skryf die *Herald* by herhaling, insluitende vyf agtereenvolgende hoofberigte.<sup>60</sup> Talle doodsberigte, berigte oor die oorsprong van die epidemie en wenke vir die versorging van siekes word ook gepubliseer.

Bate se uitlating in sy hoofartikel op 26 Oktober 1918 (en soos ook later verduidelik word) dui daarop dat hy 'n hart vir noodlydendes gehad het. Hy het daarom 'n aktivistiese rol vir die media gesien. Hy skryf dat "only in times of a crisis like the one through which the country is passing (die griepepidemie), that public attention is focused on the problem of the poor". In dié geval, slaan sy aktivisme op "agitation ... started in the press", dus die agendastellingsfunksie van die media.

<sup>55</sup> CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 26.

<sup>56</sup> PF van der Schyff, *Wonderdaad...! Die PUK tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigheid* (Potchefstroom, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2003), p. 140.

<sup>57</sup> PF van der Schyff, *Wonderdaad...!*, p. 140.

<sup>58</sup> SB Spies, SB & A Grundlingh, "n Nuwe Suid-Afrika in wording", H Giliomee & B Mbenga, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), pp. 237-242.

<sup>59</sup> Wêreldwyd eis die Groot Griep, ook genoem die Spaanse Griep, miljoene lewens en in Suid-Afrika sterf nagenoeg 250 000 tot 350 000 mense daaraan. Kyk JP Brits, SB Spies, SB & A Grundlingh. "n Nuwe Suid-Afrika in wording", pp. 242.

<sup>60</sup> *Herald*, 11 Oktober 1918; 18 Oktober 1918; 25 Oktober 1918; 1 November 1918; 8 November 1918.

### **Besoek van Prins van Wallis**

Die aanbieding van beriggewing oor die besoek van die Prins van Wallis in 1925 aan Potchefstroom kan ook as voorbeeld dien van Bate en sy kollega Ernest Jenkins, wat vroeër daardie jaar by die *Herald* aangesluit het,<sup>61</sup> se pro-Britse en koloniale sentimente. Benewens 'n ryklik geïllustreerde uitgawe om saam te val met die prins se besoek, doen die *Herald* volledig oor sy besoek aan Suid-Afrika verslag.<sup>62</sup> Hoewel die prins eers in Junie 1925 op Potchefstroom verwag is, begin die *Herald* reeds op 20 Februarie oor sy besoek aan Potchefstroom berig. Op 28 April 1925 blyk dié redakteur van die *Herald* se opwinding oor sy besoek uit hierdie woorde in die hoofartikel: "... that ere the next issue of this paper appears, the Prince would have set foot on South African soil."<sup>63</sup> Op 29 Mei verskyn 'n roetekaart van die prins se besoek aan Potchefstroom en teen 9 Junie het die stadsraad na allerlei vroeëre oorwegings uiteindelik besluit dat kinders in Alexandrapark (waar die Kenneth McArthur-oval en Olénpark vandag is) sou byeenkom om die prins te ontmoet.

Was die *Herald* se meer as deeglike verslaggewing oor die besoek van die Prins van Wallis een van die sprekende voorbeeld van die uitgewer en subredakteur se imperialistiese sentimente? Moontlik wel, maar dit moet gesien word binne die konteks dat die prins oral, ook in Afrikanergeledere, met groot hartlikheid ontvang is.<sup>64</sup> Suid-Afrika was immers, ondanks uniewording in 1910, nog volledig deel van die Britse ryk – of so het veral Engelssprekende blankes (soos Bate) dit beskou.

Teen 1928 oorheers munisipale en ander plaaslike sake, asook misdaad, ongelukke en berigte oor hofsake Bate se *Herald*. Maatskaplike sake, soos die haglike omstandighede van mynwerkers en by delwerye en die onthulling van die nuwe Suid-Afrikaanse vlag, is egter die onderwerp van ses hoofberigte, wat aandui dat die *Herald* steeds meer as net eng Potchefstroomse nuus gedeck het. Hoewel daar heelparty berigte deur die jaar oor die Engelse koning verskyn, is hierdie tema net een keer dié jaar die onderwerp van 'n hoofberig.<sup>65</sup>

61 *Potchefstroom Herald*, 8 Januarie 1959.

62 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 32.

63 *Potchefstroom Herald*, 28 April 1925.

64 JD Froneman, "Die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente, 1902-48" (Ongepubliseerde PhD-tesis, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 1995), p. 153.

65 *Potchefstroom Herald*, 30 November 1928.

## Simboliese Trek van 1938

Teen 1938 oorheers plaaslike nuus die *Herald*. By verre die meerderheid hoofberigte (28 uit 52 uitgawes) het plaaslike en munisipale sake as onderwerp. Dit is ook verstaanbaar in die lig van die dorp se viering van sy eeufees. Maar die *Potchefstroom Herald* dek ook die eeufeesherdenking van die Groot Trek<sup>66</sup> volledig. Volgens die *Herald* van 11 November 1938 het sowat 10 000 mense die twee ossewaens (wat deel was van die simboliese trek) op Potchefstroom verwelkom, waar hulle vir vier dae sou oorstaan voordat na Pretoria vertrek is.<sup>67</sup> Die *Herald* het in die daaropvolgende uitgawes twee foto's geplaas wat van *The Star* bekom is oor die aankoms van die waens in onderskeidelik Krugersdorp en Johannesburg.<sup>68</sup>

Op 15 Desember 1938 is 'n foto van 'n skaalmodel van die Voortrekkermonument gepubliseer, waarvan die hoeksteen die volgende dag gelê sou word. Dat Bate hierdie dekking aan die simboliese ossewatrek gegee het, is 'n aanduiding van hoeveel impak dit landwyd gehad het.<sup>69</sup> Ander Engelstalige koerante het eweneens ruim dekking aan die gebeurtenis gegee. Tog lei ons hieruit af dat Bate ruim genoeg gedink het om 'n suiwer Afrikanerherdenking nie te minag nie.

Hoewel die *Herald* sedert sy ontstaan nasionale en internasionale nuus gedra het, was hierdie nuus nooit die hoofnuusberigte nie. Die implikasies van die gedoemde vredesverdrag wat die Britse eerste minister Neville Chamberlain met Adolf Hitler gesluit het, noop Bate egter om dié nuus as hoofberig te plaas.<sup>70</sup> Daarna het talle berigte oor die aanloop tot en verloop van die Tweede Wêreldoorlog gevolg. Dit was duidelik dat die *Herald* die Britse oorlogspoging heelhartig ondersteun het. So het die *Herald* instemmend oor dié uitspraak van Sir Winston Churchill berig:<sup>71</sup>

No one living in England to-day is free from anxiety of the future from day to day, except that we are one and all determined to see it through, even to our last man and standing brick wall. We are up to our necks in getting ready and ready we are.

66 H Giliomee, “‘n Herryende Afrikanernasionalisme”, H Giliomee & B Mbenga, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), pp. 288-291.

67 *Potchefstroom Herald*, 11 November 1938.

68 *Potchefstroom Herald*, 18 November 1938; 25 November 1938.

69 Vergelyk J Froneman & P Muller, “Kan die osse weer seëvier?”, *Insig*, Junie 1988.

70 *Potchefstroom Herald*, 30 September 1938.

71 *Potchefstroom Herald*, 21 Julie 1939.

### **Bate steun oorlogspoging**

’n Volbladadvertensie van die regering het op 20 Oktober 1939 verskyn om lesers aan te moedig om by te dra tot die Union Unity Fund wat die oorlogspoging ondersteun het. Gegee die sterk opposisie wat die regering se oorlogspoging onder Afrikaners gekry het, met name ook op Potchefstroom,<sup>72</sup> is die verduideliking wat Bates se koerant oor die herkoms van die Swastika plaas betekenisvol:<sup>73</sup>

Hitler chose the swastika because the Nazi creed is based on race – the superior Aryan. Secondly, among some ancient peoples the swastika signifies a death which was the beginning of a new and better life. Hence to the Nazis the swastika signifies the rebirth or reawakening of Germany. It seems risky, if you are superstitious, to use a death symbol like that. It might turn out as sinister as the skull and crossbones of the buccaneers.

Uiteindelik, op 12 Mei 1945, vier die *Herald* saam met ’n groot deel van die wêreld die einde van die oorlog in Europa: “The war in Europe is over.” Vir die Duitsgesinde (of bloot anti-Britsgesinde) Afrikaners kon die *Herald* van die oorlogsjare geen “eie” koerant verteenwoordig het nie. Daarvoor het die oorlog ’n te duidelike breuklyn meegebring – ook tussen Afrikaners.<sup>74</sup> Maar Bate se *Herald* het ’n belangrike stem op Potchefstroom verteenwoordig en hy het genoeg steun van lesers en adverteerders gehad om die moeilike oorlogsjare te oorleef. Potchefstroom is in daardie stadium ook nog in die Parlement deur ’n lid van die regerende Verenigde Party verteenwoordig. ’n Politieke ommeswaai sou wel later kom.

### **Bate gee dekking aan nuwe regering**

Op die vooraand van die 1948-verkiesing het die *Herald* besef dat die party wat hy ondersteun met sy rug teen die muur veg en Bate het sy gewig openlik by die regering ingegooi. Die hoofartikel van 21 Mei 1948 lui onder meer:<sup>75</sup>

Wednesday next will become one of the most vital days in South Africa’s history, for then will be decided who is to rule the Union in the critical years ahead. We all have ... to exercise wisely the great privilege of the franchise and to vote for peace, progress and prosperity of the country. The choice is easy –

72 Vergelyk PF Van der Schyff, *Wonderdaad...!*, pp. 494-526.

73 *Potchefstroom Herald*, 10 November 1939.

74 BJ Liebenberg, “Van die Statuut van Westminister tot die Republiek van Suid-Afrika”, CFJ Muller, *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Academica, Pretoria, 1973), pp. 384,385.

75 *Potchefstroom Herald*, 21 Mei 1948.

Smuts or Malan. It lies between harmonious relationships or the perpetuation of racism.

In dieselfde hoofartikel het die redakteur gepoog om dr. DF Malan, leier van die Nasionale Party en die koalisie wat later die meerderheid in die verkiesing sou kry, só in diskrediet te bring: “It was when the Empire was fighting for its very existence that Dr. Malan and his Nazi-minded party wanted contact with the arch-fiend, Hitler.”

Maar die gety het gedraai en Smuts verloor die verkiesing teen Malan. ’n Multidekopskrif van drie reëls bokant die berig oor die verkiesingsuitslae duï aan hoe belangrik die redakteur van die *Herald* hierdie nuus beskou. Die blad het ook as volg berig:<sup>76</sup>

The Nationalist-Afrikaner Parties has been returned with a small majority thanks largely to a political landslide on the “Platteland” in which the Western Transvaal shared. No UP candidate was returned in this territory and the three seats held by the U.P., Potchefstroom, Losberg and Ventersdorp were captured by the opposition.

Tog het die *Herald* sy professionaliteit behou deur ná die verkiesing aan die regerende party regmatige nuusdekking te gee. Die blad berig dat die nuwe eerste minister, dr. DF Malan, ’n skare ondersteuners op die Potchefstroom-stasie toespreek het toe die trein waarmee hy op pad na Pretoria was, hier aangedoen het.<sup>77</sup> Die hoofartikel van die uitgawe is egter getiteld “The nobility of Smuts”. Lesersbrieve en ’n berig met aanhalings oor die verkiesing uit verskeie Suid-Afrikaanse nuusblaaie, onder meer *Die Vaderland*, *Cape Argus*, *Transvaler*, *Sunday Times*, en *Natal Witness* verskyn ook in hierdie uitgawe. ’n Foto van die nuwe kabinet word in die *Potchefstroom Herald* gepubliseer<sup>78</sup> asook ’n onderhoud met die nuwe NP-parlementslid vir Potchefstroom, dr. Jan Steyn.<sup>79</sup> Daarmee het Bate getoon dat hy ten spyte van sy sterk standpunte allereers ’n koerantman was wat sy breë leserspubliek wou dien.

So het die *Herald* teruggekeer na ’n meer onpartydige benadering tot die politiek en het die blad feitlik verslag gedoen oor die bedrywighede van die nuwe regering. Sou dit ’n geval wees dat Bate sy politieke blus verloor het? Of het kommersiële oorwegings hom genoop om nie vyande te maak met omstreden politieke joernalistiek nie?

76 *Potchefstroom Herald*, 28 Mei 1948.

77 *Potchefstroom Herald*, 4 Junie 1948.

78 *Potchefstroom Herald*, 18 Junie 1948.

79 *Potchefstroom Herald*, 22 Oktober 1948.

### **Bate herwin sy politieke stem**

Dit lyk of Bate tog metterwyl sy stem herwin het. So het hy gedurende 1956 etlike foto's gepubliseer waarin die vreedsame protes van die vroue van die anti-regeringsgesinde Black Sash uitgebeeld is. En in sy rubriek CeeVeeBee het Bate die vroue as "courageous women" beskryf.<sup>80</sup> In dieselfde jaar is die Tomlinson-verslag oor swart tuislande gepubliseer. Bate se politieke instink het hom nie in die steek gelaat nie en hy plaas 'n voorbladfoto van die voorsitter van die kommissie, prof FR Tomlinson, en die 16 volumes van dié belangrike verslag.<sup>81</sup> Bate het in sy rubriek as volg kritiek gelewer op dr. HF Verwoerd, toe minister van naturellesake:<sup>82</sup>

In this column last week a suggestion was made that Dr. Hendrik Verwoerd, Minister of Native Affairs, may become an embarrassment to the Government in which he is resumed to be second in power only to the Prime Minister himself. His contemplated Bantu Empire (?) has raised storms in several directions and he will probably be made to realise that the Nazi technique will never meet with the approval of freedom-loving South Africans.

Ondanks die dekking wat Bate soms aan internasionale en nasionale sake gegee het, was sy primêre belangstelling altyd plaaslike sake. Die *Herald* het onder Bate se leiding hom deur die jare vir menige sake beywer, soos die totstandkoming van Potchefstroom se eerste hospitaal in 1914. Bate roep dit só in herinnering:<sup>83</sup>

Incidentally, it may be mentioned that the first funds for a local Hospital were collected through the medium of The *Herald*. Neither the Town Council nor the Provincial Government would make the first move, and a consistent agitation was maintained. I think a sum of £700 or £800 was raised in this way.

Vroeër, in 1938, het die *Herald* se hantering van 'n winkelgroep se aansoek om 'n handelslisensie 'n aanduiding gegee dat die koerant nie net 'n naprater van die stadsraad was nie. Met die herdenking van die 30ste bestaansjaar van die *Herald*, skryf die redakteur in 'n hoofartikel:<sup>84</sup>

...we can proudly lay claim to the fact on occasions we have been able to exert influence on public opinion in what we believed to be the right direction. Our critics have been not a few, but even they will, we trust, admit that there has

80 *Potchefstroom Herald*, 24 Februarie 1956.

81 *Potchefstroom Herald*, 6 April 1956.

82 *Potchefstroom Herald*, 2 November 1956.

83 CV Bate, *An editor's reminiscences*, pp. 15-16.

84 *Potchefstroom Herald*, 13 Mei 1938.

been honesty and purpose not alone in the *Heralds* editorial views but in the manner in which news has been presented to the public.

Die redakteur het daarna spesiaal melding gemaak van die polemiek wat daardie jaar in die *Herald* afgespeel het toe Ackermans 'n winkel op Potchefstroom wou open. Ten spyte daarvan dat hulle reeds besig was om die perseel in te rig, wou die stadsraad nie 'n handelslisensie aan hulle toestaan nie. Die *Herald* was vierkant agter die kettingwinkelgroep en het nie net met berigte nie, maar ook met die plasing van advertensies van Ackermans die saak van die winkel bevorder. Uiteindelik het die stadsraad die lisensie toegestaan. Dit laat natuurlik die vraag hoe groot die rol van die advertensies was – ook die belofte van toekomstige advertensies. Bate was toe nie meer 'n stadraadslid nie en kon sy koerant se belang sonder voorbehoud bevorder. Het eie belang of die algemene voorspoed van die dorp die deurslag gegee?

### ***Die Potchefstroom Herald se filosofie verander***

Bate het homself beslis nie beskou as bloot 'n gemeenskapsjoernalis wat sy lezerspubliek in Potchefstroom bedien het nie. Hy was in 1938 reeds dertig jaar lank 'n korrespondent vir Reuters<sup>85</sup> en 'n briefhoof en advertensie pamflet van 1949 duï aan dat die koerant toe ook 'n adres in Londen gehad het.<sup>86</sup> Bate het dus groot belang geheg aan sy buitelandse verbintenisse en dit gebruik om, in die tydperk voor stedelike dagblaaie geredelik beskikbaar was, ook sy lezers se bron van die belangrikste internasionale nuus te wees.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Bate en sy geesgenoot Jenkins se politieke en ander opvattinge in talle berigte sterke deurgeskemer het. Deur aan bepaalde gebeure prominensie te gee en met bepaalde opskrifte aan te bied, die keuse van bepaalde woorde en beskrywings (en die weglatting van ander), was bewuste en onbewuste agendastelling en raming wat lezers soms (en soms nie) beïnvloed het.<sup>87</sup> In die mate wat hulle nie die diepste oortuigings van hul lezers geweld aangedoen het nie, het hulle waarskynlik vormende invloed gehad, maar die werklike effek daarvan kan nie by nabaat gepeil word nie. Uiteindelik was hulle joernaliste wat die gebeure en menings van hul tyd in die lig tot hul beskikkking getrou probeer weergee het.

<sup>85</sup> CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 25.

<sup>86</sup> *Potchefstroom Herald*, Advertensiebrochure, 1949.

<sup>87</sup> HS Gouws, "Die *Potchefstroom Herald*: 1908-2008 – 'n mediahistoriese studie," pp. 65-88 vir 'n volledige besprekking van die Potchefstroom Herald se nuusagenda tydens die Bate-era (1908-1957).

Dat die *Herald* onder hulle oorleef het, is die beste bewys dat hulle ten minste in pas was met 'n deel van Potchefstroom se koerantlesers en adverteerders. Maar dat die blad se beleid spoedig na hul weggaan sou verander<sup>88</sup>, is eweneens 'n bewys van die invloed wat redakteurs en uitgewers op die karakter van 'n koerant kan hê.

Toe die driemanskap van SJ du Plessis, AF Kolbe en HB van der Walt die blad in 1959 oorneem (na 'n kort, onsuksesvolle tyd onder die eienaars wat die blad by Bate gekoop het), het die blad spoedig heelwat meer Afrikaanse berigte bevat.<sup>89</sup> Later het die blad oorwegend Afrikaans geword, maar steeds met Engelse berigte. Na 1980, toe die blad onder die Nasionale Pers se beheer gekom het, het die *Herald* polities eerder die Nasionale Party bevordeel, maar die blad het sedertdien 'n gematigde neutraliteit gehandhaaf waar partypolitiek vermy word en die stadsraad gekritiseer gegrond op bewese foute en mistastings en nie soseer op ideologiese standpunte nie.<sup>90</sup>

Hierdie benadering verskil nie soseer van die *Herald* onder Bate nie, hoewel die gebruik van Afrikaans, tipografiese vernuwing en 'n groter klem op die emosionele<sup>91</sup> belangrike verskille verteenwoordig. Toe die *Herald* in 2008 sy eeufees gevier het, het die *Herald* dus, in bepaalde sin, geword wat Bate seker altyd wou gehad het die blad moet wees.

Bate was, soos vroeër vermeld, ook die medestigter en eienaar van die *Westelike Stem*, van 1915 tot 1955, toe hy dit verkoop het. Dit is betekenisvol dat die jare lange redakteur van die koerant, Jan Thompson, aanvanklik as uitvoerende redakteur behou is, maar spoedig deur Gert Pienaar (latere professor in Perswetenskap) vervang is.<sup>92</sup> Die blad se naam verander ook gou na *Die Weste*, met die volgende genotuleerde verduideliking: "Daarmee word teruggekeer tot die Christelik-nasionale tradisie", waarskynlik 'n verwysing na *Het Weste*, die Afrikanernasionalistiese blad van Hendrik de Graaf wat in 1904 op Potchefstroom gestig is en vandag nog voortleef as die *Volksblad* van Bloemfontein.<sup>93</sup>

<sup>88</sup> HS Gouws, "Die Potchefstroom Herald: 1908-2008 – 'n mediahistoriese studie", p. 125.

<sup>89</sup> Onderhoud, HB van der Walt/Lennie Gouws, 2008.

<sup>90</sup> HS Gouws, "Die Potchefstroom Herald: 1908-2008 – 'n mediahistoriese studie", p. 225.

<sup>91</sup> JD Froneman, "Op pad na populistiese sensasiejournalistiek in die gemeenskapspers?" Ongepubliseerde referaat gelewer op 28 September 2010 by die jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Kommunikasievereniging, Johannesburg.

<sup>92</sup> SP van der Walt, "Drukkery" (*Potchefstroom Herald 80-Jubileumuitgawe*, 3 Mei 1988), p. 60.

<sup>93</sup> L Barnard & J-A Stemmet, 'n Lewe van sy eie – Die biografie van Volksblad (Tafelberg, Kaapstad, 2004), pp. 15-25.

Die *Westelike Stem* onder eienaarskap van Bate en redakteurskap van onder ander Jan Thompson het duidelik 'n ander politieke filosofie gehad.<sup>94</sup> Hoewel in hierdie artikel nie op die nuusagenda en -aanbieding van die *Westelike Stem* ingegaan word nie, kan in die lig van voorafgaande aanvaar word dat dit nie veel afgewyk het van die *Herald*'s n nie. Daarom was die inhoud van die *Westelike Stem* nie vir die nasionalistiese nuwe eienaars aanvaarbaar nie.

Die politieke klimaat het egter die afgelope twee dekades merkbaar verander. Waar 'n groot foto van die destydse eerste minister, John Vorster, in 1978 op die voorblad van 'n 70-jarige feesbylae verskyn het, herinner die blad se berigging in die stormagtige negentigerjare baie aan die wyse waarop die *Potchefstroom Herald* tydens die Tweede Wêreldoorlog, dus in Bate se tyd, verslag gedoen het.<sup>95</sup> En omstreeks 2003 verklaar die huidige redakteur dat "die *Potchefstroom Herald* nie 'n mondstuk van enige politieke party of drukgroep van een of ander aard is nie".<sup>96</sup> Teen die tyd dat die *Potchefstroom Herald* sy eeufees in 2008 gevier het, was die blad versigtig apolities, in pas met 'n moedermaatskappy (Naspers) wat lank reeds sy politieke motiewe afgeskud het.<sup>97</sup>

### Bate as sakeman en gemeenskapsmens

Rondom 1912 het die *Potchefstroom Herald* dermate gegroeи dat Bate besluit het om benewens die Vrydaguitgawe, ook 'n Dinsdaguitgawe te begin uitgee. Die eerste hiervan het op 3 Desember 1912 verskyn.<sup>98</sup> Teen 1932 het die *Herald* so gegroeи dat Bate besluit om 'n maatskappy te stig wat die belang van sy koerante en drukkersbedryf sou beheer. Hy en sy seun, Ken Bate, was die direkteure van die maatskappy.<sup>99</sup>

Dieselde tyd (Desember 1936) wat die staking van die *Herald* op Dinsdae aangekondig word, word bekend gemaak dat Bate die *New Klerksdorp Record* van 5 Desember sal uitgee.<sup>100</sup> Bate het nie net gekoop en verkoop nie, maar ook met innovasies vorendag gekom wat sy tyd ver vooruit was.

<sup>94</sup> CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 29.

<sup>95</sup> HS Gouws, "Die *Potchefstroom Herald*: 1908-2008 – 'n mediahistoriese studie", p. 226.

<sup>96</sup> HS Gouws, "Die *Potchefstroom Herald*: 1908-2008 – 'n mediahistoriese studie", p. 252.

<sup>97</sup> HS Gouws, "Die *Potchefstroom Herald*: 1908-2008 – 'n mediahistoriese studie", p. 225. Die mede-eienaar van die *Potchefstroom Herald*, Caxton, is bekend vir sy apolitiese gemeenskapskoerante. Baie van hulle het nie eens 'n formele redaksionele hoofartikel nie.

<sup>98</sup> *Potchefstroom Herald*, 3 Desember 1912.

<sup>99</sup> *Potchefstroom Herald*, 1 April 1932.

<sup>100</sup> *Potchefstroom Herald*, 27 November 1936.

In 1938 het die *Herald* 'n leserskapstudie, of "census", onderneem, soos dit beskryf is in die opskrif van die berig wat daaroor handel.<sup>101</sup> Die doel daarvan was hoofsaaklik om 'n beter diens aan die *Herald* se adverteerders te lewer. Poskaarte met vrae is aan al die intekenare van die koerant gestuur om lesers se persoonlike belangstellings en nuusvoorkeure te bepaal.

Bate as sakeman het terdeë besef dat 'n koerant geen toekoms het as die advertensie-inkomste nie gesond is nie. In sy jonger jare was hy nie ongeneë om self advertensies te werf nie: "I set out gaily to canvas the town for advertisements and met with substantial success and also not a few rebuffs".<sup>102</sup> Sy lojaliteit teenoor sy adverteerders blyk oner meer uit sy hantering van die papiertekort tydens die Tweede Wêreldoorlog. Vanaf 29 Mei 1942 is al die redaksionele kolomme in 'n kleiner lettertipe as gewoonlik gedruk. Opvallend is daar nie aan die grootte van die lettertipe van advertensies verander nie.<sup>103</sup>

Die *Herald* het vir die eerste 47 jaar van sy bestaan 'n voorblad gehad met net advertensies daarop. Lank nadat ander koerante reeds hiervan afgesien het en nuus op die voorblad begin plaas het, het die *Herald* met die gebruik volgehou.<sup>104</sup> Tog pas die blad op 5 Augustus 1955 aan en word aan lesers en adverteerders verduidelik dat die nuutjie in ooreenstemming met moderne praktyk is en dat die res van die koerant feitlik dieselfde bly.<sup>105</sup> Benewens die advertensies weerskante van die mashoof, is drie vertoonadvertensies onderaan die bladsy behou. Die klem kon dus nou sterker op nuus val.

Bate se sukses as sakeman word daarin bevestig dat hy vir bykans 'n halwe eeu die *Herald* besit het. Min is egter bekend oor die finansiële aspekte van die blad in dié tyd en sy persoonlike welvaart. In vergelyking met die advertensie-inkomste van £47 in die eerste maand van die *Herald* se bestaan, skryf Bate in 1938 in sy herinneringe oor die *Herald* se finansies:<sup>106</sup>

An interesting feature is that as compared with the few pounds weekly in 1908 we now (1938) distribute approximately £600 per month in wages and salaries – some contribution at any rate to the commercial prosperity of the town, being probably the largest individual local wage bill.

101 *Potchefstroom Herald*, 1 April 1938.

102 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 6.

103 *Potchefstroom Herald*, 20 Februarie 1920, 29 Mei 1942.

104 Die eerste koerant in Suid-Afrika wat begin het om nuus op die voorblad te plaas, was *Die Burger* in 1932. H Steyler, "Rugby en renperde"; JP Scannell, *Keeromstraat 30: Gedenkbundel vir die vyftigste verjaardag van Die Burger* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel Bpk, 1965), p. 131.

105 *Potchefstroom Herald*, 5 Augustus 1955.

106 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 34.

Tien jaar later, in 'n berig oor radio-uitsendings oor Potchefstroom, is die *Herald* beskryf as een van die grootste werkverskaffers op die dorp.<sup>107</sup> Bate se rol as sakeman kan dus nie onderskat word nie. In die *London Journal of South Africa* is hy byvoorbeeld beskryf as die “Napoleon of the Country Press in South Africa, who had built his journalistic empire in the Western Transvaal”.<sup>108</sup>

Van die primitiewe eerste koerantkantoor van die *Potchefstroom Herald* wat in die gebou van 'n ou algemene handelaar gehuisves is,<sup>109</sup> het die koerant en drukkery verhuis na 'n groter kantoorruimte in 1927. 'n Foto van dié gebou toon dat die *Herald* ook 'n agent was van die Union Castle Shipping Line<sup>110</sup> waaruit Bate se veelsydigheid as sakeman blyk.

In 1939 koop Bate 'n erf in Olën Yard, tans Olënlaan, waar 'n doelmatige gebou spesiaal vir die koerant en drukkery opgerig word.<sup>111</sup> Sy drukkery het veel meer as net die drie koerante in sy besit gedruk. Om ander drukwerk te bekom, het hy ook die *Herald* as advertensiemedium gebruik en talle vulleradvertensie, sommige selfs 'n halfbladgrootte, is dikwels gepubliseer.

Jenkins, jare lange kollega en werknemer van Bate, het hom in 1957 met reg so beskryf: “He combined most unusually, the qualities of businessman and journalist”.<sup>112</sup>

Bate was nie net by sy koerante betrokke nie. Hy was direkteur van die Potchefstroom Board of Executors en Potchefstroomse voorsitter van die Jongeliedevereniging (YMCA).<sup>113</sup> Daarbenewens was hy tydens die Tweede Wêreldoorlog lid van die South African War Work Council, waarvoor hy met die Protea-toekennings deur Koning George VI vereer is.<sup>114</sup> Bate het ook 'n hart vir die swart bevolking gehad, soos blyk uit 'n skenking wat hy gemaak het vir 'n ete vir swart bejaardes.<sup>115</sup>

---

107 *Potchefstroom Herald*, 30 Julie 1948.

108 *The Potchefstroom News*, 21 July 1961.

109 CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 35.

110 HS Gouws, “Die *Potchefstroom Herald*: 1908-2008 – 'n mediahistoriese studie”, p. 48.

111 *Potchefstroom Herald*, 10 November 1939.

112 *Potchefstroom Herald*, 5 Julie 1957.

113 E Jenkins, “CeeVee Bee’ – Appreciation”, *Potchefstroom Herald*, 5 July 1957.

114 E Jenkins, *Potchefstroom Herald*, 5 Julie 1957; SA Military History (available at: <http://samilitaryhistory.org/6/c06febne.html>, as accessed on 10 November 2008).

115 *Potchefstroom Herald*, 14 Julie 1961.

In 1934 het Bate homself beskikbaar gestel vir die stadsraad.<sup>116</sup> In die daaropvolgende uitgawes van die *Herald* het hy ruim gebruik gemaak van dié (vir hom) gratis advertensiemedium, waaronder talle vulleradvertensies. In die advertensie met sy beleidsverklaring, het hy die volgende gesê: “Thinks he is the right man for Ward III – and the voters know it. Believes that advertising pays!” Dié reklame het vrugte afgewerp en hy is in 1935 met ’n rekordmeerderheid tot stadsraadslid verkies en dien ook in 1937 as onderburgemeester. Hieroor sê hy:<sup>117</sup>

“The fact that I was accorded a record majority in the Ward III election was taken as a much-appreciated tribute to the part The *Herald* had played as a medium of advocacy and opinion for many years”.

Bate dien egter net tot 1937 as raadslid. Het die klaarblyklike botsing van belang sy tol geëis? Of het Bate se sin vir wat reg was die deurslag gegee? Ongelukkig is geen definitiewe antwoorde hierop beskikbaar nie. Maar hy kon nou weer sy werk as joernalis voluit doen.

## **Samevatting**

Hoewel mense soos Bate, aldus sy kollega en vriend Jenkins, nie aftree nie omdat hulle “far to energetic” is<sup>118</sup>, het Bate nooit so ver gekom om op sy aanvanklike herinneringe (wat in 1938 verskyn het) uit te brei nie. Hy het later blind geword en in die berig oor sy begrafnis is eerw. Jones, wat die begrafnisdienis gelei het, as volg aangehaal:<sup>119</sup>

It was a tragedy... that in the closing years of his life Mr. Bate had been unable to see to read the newspapers and was thus unable to keep abreast of national and other events.

CV Bate het egter ’n lang en vrugbare loopbaan gehad wat van toewyding aan die joernalistieke beroep én sy eie politieke ideale getuig het. Hy was ’n voorstander van versoening tussen Britsgesinde Engelssprekendes en Afrikaners en opponent van post-1948-apartheidsdenke, maar ruim genoeg van hart om die opmars van Afrikanernasionalisme in sy koerant te dek. Hy was gemeenskapsmens met ’n hart vir minder bevoorregtes van alle rasse, maar ook ’n vernuftige sakeman wat ondanks bepaalde mislukkings die

<sup>116</sup> *Potchefstroom Herald*, 25 Oktober 1934.

<sup>117</sup> CV Bate, *An editor's reminiscences*, p. 36.

<sup>118</sup> *Potchefstroom Herald*, 5 Julie 1957.

<sup>119</sup> E Jenkins, *Potchefstroom News*, 21 July 1961, p. 4.

*Potchefstroom Herald* vir 49 jaar uitgebou het en daardeur 'n blad nagelaat het wat tot vandag as vooraanstaande blad in Potchefstroom bestaan.

Bate se *Herald* was in vele opsigte 'n refleksie van sy eie denke, maar ook van sy tye – wat gestrek het van net na die Anglo-Boereoorlog/Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902 tot kort duskant republiekwording in 1961. Daarom kan daar seker leemtes in Bate se denke en dié van sy belangrikste koerant, die *Potchefstroom Herald*, uitgewys word. So is die swart bevolking van Potchefstroom feitlik onsigbaar in sy koerant, soos wat dit ook in ander koerante die geval was wat op 'n blanke gehoor toegespits was. Van Bate se voorgenome neutraliteit het in sy joernalistiek nie veel gekom nie; hy het immers 'n sterk politieke standpunt gehad wat sy lewe gerig het. Maar juis omdat hy 'n standpunt gehad het, was sy *Potchefstroom Herald* meer as 'n advertensiepamflet. Dat hy self blind was vir die feit dat hy geen neutrale joernalistiek bedryf het nie, is geen rede tot kritiek nie. Hy het uiteindelik 'n besondere joernalistieke bydrae tot die koerantwese gelewer en verdien daarom 'n ereplek in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse mediageskiedenis.